

2

# Kleutenkenk

Geseltyd | Singtyd | Bybeltyd | Doentyd | Bidtyd  
vir 2-5-jariges

AANBIEDERSGIDS



**Bm**  
Bybel-Media



jeugfokus

# Inhoudsopgawe

'n Woord vooraf .....	8
1. Alles en almal, prys die Here! .....	11
2. Alle mense buig voor Jesus .....	14
3. Alles splinternuut! .....	18
4. Vir altyd lig .....	22
5. Wees gereed .....	25
6. Vol van die Heilige Gees .....	28
7. Oefen jou geloof sterk .....	31
8. Dis 'n wonderwerk! .....	34
9. Die Here sal sorg .....	37
10. Wie ore het, moet luister .....	41
11. Ons Vader .....	44
12. Myne! Myne! Myne! .....	47
13. Ek glo .....	50
14. Hou aan hardloop .....	53
15. Dankie, Jesus! .....	56
16. Die Here les ons dors .....	59
17. In die Here se hande .....	62
18. As die Here kwaad word .....	65
19. Ken jy die storie van Jesus? .....	68
20. Ons kyk soos Jesus .....	72
21. Die Here maak alles nuut .....	75
22. Die Here gee vir ons die woorde wat ons moet sê .....	78
23. 'n Klein bietjie geloof is genoeg .....	81
24. Onthou om dankie te sê .....	85
25. Die Here se <i>brag</i> -boek .....	88

- 1 -

# Alles en almal, prys die Here

Lees Openbaring 5:11-14.

## Voorbereiding

- Genoeg afskrifte van die inkleurprent.
- *Alternatief:* Bring 'n paar tydskrifte en 'n groot plakkaat saam waarop hulle prente kan plak.

## Bidtyd

Vra een van die kinders om te bid.

## Geselstyd

Baie welkom by ons eerste ontmoeting van die jaar. Hierdie jaar gaan ons saamgesels oor hoe en hoekom ons elke dag die Here loof en prys. Ons gaan saam ontdek wat dit beteken om 'n lewe vol van "dankies" vir God te leef.

*Terwyl almal op die mat sit, vra die kinders om op te noem vir wie of wat hulle al daardie dag môre gesê of gegroet het. Dit kan hulle huismense soos 'n mamma of pappa, 'n boetie of sussie, 'n oupa of ouma of hulle troeteldiere wees.*

Die Here het alle mense en diere gemaak. Watter diere het die Here gemaak wat in die lug kan vlieg? Watter diere leef onder die grond? Watter diere leef in die water? Het julle geweet die Here het ook engele gemaak wat in die hemel bly en die hele dag sing? Die Here het al die mense en diere en engele met asem gemaak.

Het jy 'n asem? Sit jou hand voor jou mond en blaas teen jou hand. Voel jy jou asem? Haal gou 'n bietjie hard asem sodat ons jou kan hoor. Niemand wat vanoggend hier sit, het nie asem nie.

Die Here gee vir ons 'n opdrag in Psalm 150:6 in die Bybel. Luister net: "Laat alles wat asem haal, die Here prys!"

Wat moet ek en jy wat asem het dan doen? Ons moet die Here prys.

Hoe doen ons dit? Ons prys die Here wanneer ons vir Hom dankie sê vir alles wat Hy vir ons doen en vir alles wat Hy vir ons gee en wanneer ons vir Hom sê hoe lief ons vir Hom is.

Waarvoor kan ons vanoggend vir die Here dankie sê?

## Singtyd

Ons prys ook die Here wanneer ons vir Hom liedjies sing. Kom ons sing nou saam.

- Loof Hom met die tromme
- Lied 549: Daar's vissies in die water

## Bybeltyd

Al kan ons nie die Here sien nie, weet ons Hy is baie lief vir ons. Dit is hoekom Hy 'n plan gemaak het om vir ons te wys hoe lief Hy vir ons is. Die Here het vir Jesus aarde toe gestuur om in ons plek te sterf en al ons sondes weg te was.

Die Bybel noem Jesus soms die Lam van God. Wanneer Jesus, die Lam van God, weer eendag op die wolke kom om ons te kom haal, sal ons vir ewig en altyd by die Here in die hemel gaan bly. Dit gaan so lekker wees. Wanneer dit gebeur, sal ons die hele dag saam met alles en almal wat die Here gemaak het, kan sing en dankie sê. Ons sal die Here prys vir alles wat Hy vir ons gedoen het.

In die laaste boek van die Bybel, Openbaring, lees ons van die dag wanneer Jesus sal terugkom en ons sal kom haal. Ons lees dat alles en almal die Here sal loof. Kom ons lees Openbaring 5:13:

*Toe hoor ek hoe sing alles wat lewe, alles in die hemel en op die aarde en onder die aarde en op die see, en alles wat in hulle is. Hulle het hierdie woorde gesing: "Ons prys Hom wat op die troon sit en ons prys die Lam, ons eer en prys Hulle, Hulle wat sterk is, altyd en altyd!"*

*Verduidelik vir die kinders dat die Bybel hier van God en Jesus as die Lam van God praat.*

Die Bybel, God se Woord, sê in hierdie vers vir ons alles – al die mense en al die diere, al die plante en al die riviere, alles wat die Here gemaak het – sal die Here eer en Hom prys.

## Doentyd

Laat die kinders die inkleurprente inkleur.

As alternatief kan jy die kinders prente van alles wat asemhaal uit die tydskrifte laat skeur of knip. Hulle kan hierdie prente dan op die groot plakkaat vasplak.

Herinner die kinders dat wanneer hulle asemhaal, dit hulle sal herinner om die Here te prys.

## Groettyd

Jesus, dankie dat ek asem het om U te prys. Baie dankie dat ek weet U is so lief vir my dat U my eendag weer sal kom haal. Ek is baie lief vir U. Amen.



- 2 -

# Alle mense buig voor Jesus

Lees Openbaring 7:9-17.

## Vorbereiding

- Maak vir elke kind 'n afskrif van die inkleurprent van die palmtak, of bring groen papier saam waarop takkies geteken is. Dit moet só geteken wees dat dit uitgeknipt kan word.
- *Opsioneel:* Bring 'n regte palmtak (of enige ander tak met baie groen blare) saam om te wys hoe 'n mens met so 'n tak sal waai.

## Bidtyd

Vra een van die kinders om te bid.

## Geselstyd

*Vra vir die kinders:* Hoe weet ons iemand is 'n mens? *As jy wil, kan jy prentjies van verskillende mense vir hulle wys en elke keer die vraag herhaal. Kies verskillende mense soos 'n seuntjie, 'n jong vrou, iemand wat gestremd is en iemand van 'n ander kultuur. Jy kan selfs 'n paar prentjies van diere of plante vir hulle wys en vra:* Hoe weet ons iets is nie 'n mens nie?

Mense lyk verskillend. Hulle hare se kleur verskil en hulle vel se skakerings verskil. Mense kan oud of jonk wees. Mense praat verskillend en doen dinge verskillend. Maar almal is mense en die Here het ons elkeen gemaak.

Party mense is lank. *Laat die kinders op hulle tone staan en met hulle arms dak toe strek.* Party mense het groot spiere. *Laat die kinders hulle spiere wys.* Sommige mense hou van dans. *Laat die kinders dansbewegings doen.* Ander mense kan lekker hard lag. *Laat almal saam lag.* Dan is daar ook mense wat mooi kan skilder. *Laat die kinders maak of hulle skilder.*

Die Here het ons elkeen gemaak en Hy is lief vir alle mense. Dit maak nie saak hoe hulle lyk, waarin hulle goed vaar of waar hulle vandaan kom nie. God het vir Jesus aarde toe gestuur om vir elke mens se sonde te sterf, nie net vir party mense nie.

Wanneer ons sê ons is jammer oor die verkeerde dinge wat ons gedoen het, dié dinge wat Jesus hartseer maak, en ons gee ons harte vir Jesus, sal Hy ons sonde wegwas. Dan is ons silwerskoon voor Jesus, soos mense in spierwit klere.

## Singtyd

- Lied 550: Twee ogies om Gods werk te sien
- Hy hou die hele wêreld in sy hand

## Bybeltyd

Vandag gaan ons lees van mense met spierwit klere wat die Here prys. Ons het verlede week ook uit Openbaring gelees. Wie kan onthou waar in die Bybel die boek Openbaring staan? Dis reg, dis die heel laaste boek in die Bybel.

In Openbaring lees ons hoe die lewe sal wees wanneer Jesus ons weer kom haal, wanneer al God se kinders vir ewig en altyd by Hom in die hemel sal bly.

Openbaring 7:9-10 vertel vir ons meer hiervan.

*Hulle het gestaan voor God se troon en voor die Lam. Hulle het wit klere gedra en hulle het takke van palmbome in hulle hande gehad. Hulle het hard geskree en gesê: "Ons God sit op die troon, Hy en die Lam het oorwin!"*

*Herinner die kinders dat die Lam van wie hier gepraat word Jesus is. Dit is 'n manier waarop die Bybel na Jesus verwys.*

In hierdie deel van die Bybel lees ons dat alle mense – die lang mense, die kort mense, die mense met groot spiere, die mense wat lekker kan lag en die mense wat hou van dans – ja, maak nie saak hoe hulle lyk, waarin hulle goed vaar of waar hulle vandaan kom nie, alle mense gaan eendag voor die Here staan en vir Jesus dankie te sê dat Hy ons sonde weggeneem het.

Almal wat kinders van die Here is, sal so bly wees. In die hemel gaan dit soos een groot partytjie wees. Wanneer die Bybel van partytjies of feeste praat, moet ons nie dink aan ballonne en koek nie. Nee, by die Bybel se partytjies het mense groen palmtakke geswaai. In die hemel sal ons wit klere dra en ons sal groen palmtakke swaai om vir Jesus dankie te sê.

*As jy 'n palmtak kon saambring (of enige ander tak met groen blare), wys nou vir die kinders hoe die mense van die Bybelse tyd die takke geswaai het om aan iemand eer te betoon.*

## Doentyd

Deel vir elke kind die inkleurprent uit en laat hulle die palmtak inkleur. Wanneer hulle klaar is, kan hulle dit uitknip. Laat die kinders dan hulle palmtakke rondswaai en vir Jesus dankie sê vir enigiets in hulle lewe. Dit is ook 'n goeie manier om kinders te leer bid.

Moedig die kinders aan om hierdie week vir iemand te gaan vertel dat alle mense, maak nie saak hoe hulle lyk, waarin hulle goed vaar of waar hulle vandaan kom nie, sulke groen takke gaan swaai wanneer Jesus weer kom om ons te kom haal om vir altyd by Hom in die hemel te gaan bly.

## **Groettyd**

Dankie, Jesus, dat U alle mense gemaak het, ook vir my. Dankie dat U al my sonde wegwas en in my hart kom bly het. Amen.



